Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 | kerk@kerk.co.za | www.kerk.co.za | bfn_baptiste | Bloemfontein Baptiste Kerk

# GALASIËRS - WERKLIK VRY

## Deel 1 – Genade en Vrede

**Galasiërs 5:1** Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees…

---

---

---

## Twee Evangelies

**Galasiërs 1:3-7** Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus, 4wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring. 5Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen. 6Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n ander evangelie aanneem. 7Daar is geen ander evangelie nie! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat vir julle in verwarring bring.

---

---

---

## Belangrike Beginsels van die Evangelie van Genade:

1. Ons word ______________________ deur genade.

   **Efesiërs 2:8-9** Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. 9Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.

2. Ons ______________________ deur genade.

   **Romeine 5:2** Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.

   **1 Korintiërs 15:10(NLV)** Maar deur God se genade is ek wat ek vandag is. Hy het sy goedheid nie tevergeefs aan my bewys nie…

3. Ons het ______________________ deur genade.

   **2 Timoteus 2:1** Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het.

   **Hebreërs 13:9** …Die goeie is daarin geleë dat die hart deur genade versterk word.

4. Ons ______________________ deur genade.

   **2 Korintiërs 12:9** "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."

   **2 Tessalonisense 2:16** En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader. Hy het aan ons sy liefde bewys en aan ons deur sy genade 'n blywende troos en goeie hoop gegee.

---

---

---